basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V3

## NOVEMBER 2025

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (20) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag in ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

   - Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   - Gebruik vir jou beplanning byvoorbeeld 'n kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde.
   - Doen beplanning elke keer VOORDAT jy die finale produk skryf.
   - Dui die beplanning duidelik aan.
   - TREK 'N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 75 minute |
| AFDELING B: | 38 minute |
| AFDELING C: | 37 minute |

7. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor 'n prent (VRAAG 1.5, 1.6, 1.7 of 1.8) skryf.

10. Moenie die titel bytel wanneer jy die aantal woorde tel nie.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

Skryf 'n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die onderwerpe in VRAAG 1.1 tot 1.8. Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

By VRAAG 1.5, 1.6, 1.7 OF 1.8 moet jy jou eie TITEL gee.

### VRAAG 1

1.1 **DIT WAS 'N GOEIE DAG IN MY LEWE**

Party dae *(Some days)* is beter as ander dae.

Skryf 'n **opstel** en vertel van 'n goeie dag in jou lewe.

Dink aan die volgende:

- Watter dag was dit?
- Waar was jy op hierdie dag?
- Wat het op hierdie dag gebeur?
- Waarom voel jy dat dit 'n goeie dag was? **[40]**

1.2 **MY GESIN HOU VAN BRAAI**

Jou gesin hou daarvan om vleis te braai.

Skryf 'n **opstel** en vertel van jou gesin wat braai.

Dink aan die volgende:

- Wanneer en waar hou julle graag 'n braai?
- Wie word gewoonlik na julle braai toe genooi *(invited)*?
- Watter kos eet julle wanneer julle braai?
- Watter ander lekker dinge doen julle wanneer julle braai? **[40]**

1.3 **EK GAAN MY SKOOL MIS!**

Jy was baie gelukkig by jou skool. Nou is jy amper klaar met skool en jy weet jy gaan jou skool mis *(miss your school).*

Skryf 'n **opstel** oor jou skool en sê hoekom jy jou skool gaan mis.

Dink aan die volgende:

- Waar was jy op skool?
- Waarom was jy so gelukkig by hierdie skool?
- Hoe voel jy noudat jy amper klaar is met skool?
- Wat gaan jy die meeste van jou skool mis? **[40]**

1.4 **MY GROOTSTE WENS HET WAAR GEWORD**

Ons almal het 'n wens *(wish)* wat ons hoop waar gaan word.

Skryf 'n **opstel** en vertel van jou grootste wens wat waar geword het.

Dink aan die volgende:

- Wat was jou grootste wens?
- Wat het gebeur dat jou grootste wens waar geword het?
- Hoe het jy gevoel nadat jou wens waar geword het?
- Hoe gaan dit jou lewe beter maak? **[40]**

Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel oor 'n onderwerp waaraan jy kan dink. Skryf die vraagnommer (1.5, 1.6, 1.7 OF 1.8) en gee jou opstel 'n geskikte titel.


**LET WEL:** Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.5




[Bron: vectorstock.com] **[40]**

1.6



[Bron: www.istockphoto.com] **[40]**

1.7



[Bron: shutterstock clipart] **[40]**

1.8



[Bron: pinterest.com] **[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die teks wat jy kies, boaan.

### VRAAG 2

**2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy wou nog altyd 'n rekenaar *(computer)* hê. Jy woon nie by jou ouers nie en hulle het vir jou 'n rekenaar as 'n present gegee.

Skryf 'n **vriendskaplike brief** aan jou ouers om dankie te sê vir hierdie groot present.

Dink aan die volgende:

- Waarom skryf jy die brief?
- Waarom is jy so bly oor die rekenaar?
- Wat gaan jy met die rekenaar doen om jou lewe beter te maak? **[20]**

**2.2 FORMELE BRIEF (GELUKWENSING)**

Julle dorp het 'n prys ontvang as een van die skoonste dorpe in Suid-Afrika.

Skryf 'n **formele brief** aan die munisipale bestuurder *(municipal manager)* om die munisipaliteit met hierdie prys geluk te wens.

Gebruik die volgende adres:

Die Munisipale Bestuurder
Skurweberg Munisipaliteit
Posbus 20
SKURWEBERG
9500

Dink aan die volgende:

- Waarom skryf jy die brief?
- Wat het die munisipaliteit gedoen om die dorp skoon te kry?
- Waarom voel jy so trots *(proud)* op jou dorp? **[20]**

2.3 **DIALOOG**

Jy is kwaad vir jou maat. Julle gesels met mekaar. Jy sê vir jou maat wat jou kwaad gemaak het, hoe dit jou laat voel en wat jou maat kan doen om dit weer reg te maak.

Skryf die **dialoog** tussen jou en jou maat neer.

Begin die gesprek só:

Ek: Ek is baie kwaad vir jou!

Maat: Hoekom? Wat het ek gedoen?

Ek: …

Maat: …

**LET WEL:** Laat 'n reël na elke spreekbeurt oop. **[20]**

2.4 **TOESPRAAK**

2026 se nuwe graad 8-leerders kom vandag na jou skool toe vir oriëntering *(orientation)*. Jy moet met hierdie groep leerders oor die belangrike dinge van jou skool praat.

Skryf die **toespraak** wat jy gaan lewer.

Dink aan die volgende:

- Waarom is graad 8 'n belangrike jaar vir enige leerder?
- Van watter belangrike dinge van die skool moet hulle weet?
- Wat kan hulle doen om graad 8 vir hulle maklik te maak? **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 60–80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die teks wat jy kies, boaan.

**VRAAG 3**

3.1 **PLAKKAAT**

Suid-Afrika is 'n droë land. Daarom is dit belangrik dat mense water moet bespaar *(save water)*.

Maak 'n **plakkaat** om mense in jou gemeenskap te vra om water te bespaar.

Dink aan die volgende:

- Waarom moet mense water bespaar?
- Wat kan mense doen om water te bespaar?
- Waar kan mense meer inligting oor die saak kry?

**LET WEL:** Punte word NIE vir versiering toegeken NIE. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jou suster gaan trou.

Skryf in jou **dagboek**. Jy moet TWEE inskrywings maak:

- Die aand vóórdat jou suster trou
- Die aand nádat jou suster getrou het

Dink aan die volgende:

- Hoe jy die aand gevoel het vóórdat jou suster getrou het
- Hoe jy die aand gevoel het nádat jou suster getrou het **[20]**

3.3 **RIGTINGAANWYSINGS**

Jou maat moet kos by die groot supermark op die dorp gaan koop. Verduidelik vir jou maat hoe om van die bushalte af tot by die supermark te kom.


Volg die pyltjies op die roetekaart hieronder.

Gebruik straatname, bakens en woorde (links/regs) wat rigting aandui.

Skryf die **rigtingaanwysings** puntsgewys en in volsinne neer.

Voorbeeld:

1. Stap van die bushalte af tot by …
2. …
3. …




**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 80**